Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

31 Oktober 2023

# OMSENDBRIEF 10/2023
# TRAKTEMENTSKALE 2024; REISKOSTE TARIEF EN AFLOSLERAARS

**Aan alle leraars en skribas**

Geagte Broeders

## 1. TRAKTEMENTSKALE: 2024

Tydens 'n vergadering gehou op 24 Oktober 2023 het die GKK op 'n verhoging van 6.0% besluit.

Let asseblief daarop dat die aanbeveling van 6.0% verhoging slegs betrekking het op die traktementskaal. Alle ander toelae verskil van gemeente tot gemeente na gelang van elke gemeente se eie bedieningsbehoeftes en elke plaaslike kerkraad moet dus die nodige aanpassings ten opsigte daarvan maak. Die GKK beveel aan dat die hersiene traktementskaal, soos hieronder aangedui, met ingang 1 Maart 2024 ingestel word.

*Die huidige (2023) en* **hersiene (2024)** *traktementskale is soos volg:*
→Huidige skaal vanaf 1 Maart 2023 tot 28 Februarie 2024:
R288 000 x 18 650 – 306 650 x 22 200 – 439 850 x 30 500 – 470 350.

**→Hersiene skaal vanaf 1 Maart 2024 tot 28 Februarie 2025:**
**R305 280 x 19 770 – 325 050 x 23 530 – 466 230 x 32 330 – 498 560.**

| Jare | Huidige kerf (2023) | Jare | Hersiene kerf (2024) |
|---|---|---|---|
| | R | | **R** |
| 1 | 288 000 | 1 | **305 280** |
| 2 | 306 650 | 2 | **325 050** |
| 3 | 328 850 | 3 | **348 580** |
| 4 | 351 050 | 4 | **372 110** |
| 5 | 373 250 | 5 | **395 640** |
| 6 | 395 450 | 6 | **419 170** |
| 7 | 417 650 | 7 | **442 700** |
| 8 | 439 850 | 8 | **466 230** |
| 9 | 470 350 | 9 | **498 560** |

Ten opsigte van proponente wat na afloop van legitimasie beroep word, beveel die GKK aan dat die hersiene kerf vanuit die staanspoor op die beroepsbrief vermeld word en dat daar dan geen verhoging op 1 Maart 2024 gegee word nie.

Die ooreenkoms wat die gemeentes met mekaar in die kerkverband het is dat alle leraars, in soverre dit vir die plaaslike kerkraad moontlik is, jaarliks op 1 Maart die inflasie- sowel as die jaar-kerf aanpassing ontvang, totdat Kerf 9 bereik word. Die veronderstelling is dat alle leraars na 9 jaar se diens in die kerkverband dieselfde basiese traktement ontvang.

Ter illustrasie beteken die aanbeveling in praktyk dus dat 'n leraar wat tans 'n jaarlikse traktement van R373 250 ontvang, se traktement verhoog word na R419 170.

Daardie leraars wat reeds op die topskaal van Kerf 9 traktement ontvang (2023 was dit R470 350), ontvang slegs die aanbevole persentasie-aanpassing (dus vanaf 1 Maart 2024 R498 560).

Die GKK vertrou dat gemeentes waar predikante voltyds in diens is, sulke predikante **nie minder gunstig** as ooreenkomstig die aanbevole traktementskaal en die aangeduide aanpassings sal vergoed nie.

Die fondsverjaardag van die Pensioenfonds is 1 Maart van elke jaar en daarom poog ons om die salaris-/traktementverhogings ook vanaf hierdie datum te laat plaasvind, om te voorkom dat daar elke maand nuwe inligting aan die administrateur, Acravest, gegee moet word. Hierdie kantoor is verantwoordelik vir die oorbetaling van die pensioenfonds ledegelde aan Acravest en dit sal waardeer word indien u besonderhede van die hersiene traktemente wat aan u predikant(e) toegeken is, so spoedig moontlik, maar nie later nie as 31 Maart 2024 aan afdeling Finansies by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan verstrek.

## 2. VERHOGING VAN REISKOSTETARIEF OP 1 JANUARIE 2024

Die lasgewing van die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) bepaal onder andere dat daar van tyd tot tyd oor reiskostetariewe besin word, die reiskostetarief vir permanente kommissies vasgestel word en **aanbevelings** aan kerkrade en ringe gedoen word.

Die lasgewing is 'n staande punt op elke GKK-vergadering. Die berekening van die reiskostetarief word volgens die AA-Tabelle gedoen op 'n verskeidenheid van voertuie. Die huidige reiskostetarief was aanbeveel op 28 Oktober 2021 en sedertdien het brandstofkoste die hoogte ingeskiet.

Die GKK het derhalwe op die vergadering van 24 Oktober 2023 besluit om die tarief te verhoog na R6.50 per kilometer vanaf 1 Januarie 2024 vir permanente kommissies en **beveel** ook so aan vir kerkrade en ringe.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

Gevolglik **beveel** die GKK **aan** dat die minimum reiskoste wat per maand aan 'n leraar betaal word, ten einde sy pligte te kan nakom, verhoog na R6,500.00 per maand vanaf 1 Januarie 2024. Dit veronderstel dat 1000km per maand afgelê word vir amptelike werksaamhede.

## 3. AFLOSLERAARS

Die fooi aanbeveling aan kerkrade wie gebruik maak van aflosleraars is R750 per preekbeurt en die reiskoste vergoeding teen die aanbevole tarief vir die kilometers gery.

Met agting en seënwense

GJJ van Rensburg
**n. Direkteur van Kerkadministrasie**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023